


# TOULEIER

## OM `n WYNMAKER TE WEES, OF NIE TE WEES NIE

Hier by ons in die aftreeoord is ons tyd aan die etenstafel ideaal om mekaar beter te leer ken.
Laas week sit ons 'n slag om die biertafel by ons eie Oktoberfees.

By ek en Kamermaatjie, is Jos en Corina Rabie. Jos vertel ons die beste wat hy nog gehoor het in 'n lang lang tyd, was toe oorlede Johan Theron aan tafel so geantwoord het op Jos se vraag oor wat sy nering was:

***"`n Wynmaker, maar ek het dit gehaat!"***

Baie verbaas vra hy dat hy asseblief moet verduidelik en hy vertel toe sy storie.

Hy het in die Noordkaap tussen die wingerde aan die Oranjerivier groot geword. Sy ouers was goed bevriend met bure wat `n verbintenis gehad het met die Wynkunde Fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch. So was dit toe ook dat hy van kleintyd af in die drukgang was om in daardie rigting te gaan studeer.


Teen wil en dank het hy maar gegaan en met sy studies begin.
Gou het hy egter uitgevind dat daar `n uitweg vir sy dilemma was. Dit was `n vereiste dat hy Chemie, wat vir hom `n stryd was, sou moes slaag om na sy tweedejaar te promofeer.

Vir hom was dit `n uitgemaakte saak dat hy Chemie sou dop en dat hy sodoende sy ideaal, om `n argitek te word, kon nastreef.
Om die toekomstige skok, oor die doppery, vir sy ouers bietjie te verlig, gaan hy toe na Ikeys om solank daar vir die volgende jaar vir argitektuur in te skryf.

DWAM klap hy toe met sy hand op die tafel en sê: "*En daar kom ek toe wragtag Chemie deur!!"*

Groete, Hennie en Annabelle

# WESKUS – BLOMMEPARADYS




Dagsê almal,

Hiermee die volgende drie blommetjies vanuit ons St Helenabaai kontrei.

Die eerste een is die ***Euphorbia caput – medusae*** of soos in die volksmond beter bekend as die **Vingerpol**. Die Euphorbia plante is meestal giftig en gee n wit melk af as jy daaraan raak en die plant kneus. Hulle word tot n meter in deursneë hier teen die Weskus;



Ons tweede blom is die ***Limonium Perigrinum*** of beter bekend as die **Papierblom.** Hierdie plant se blom is dun en deurskynend met min vog om in die uiters droë klimaat van die Weskus te kan oorleef;



Die derde blom is die ***Satyrium odorum*** , ook bekend as **Ruiktrewwa**, of in die volksnaam, **Moederkappie**. Dit bestaan uit n steeltjie waarop klomp groen blommetjies geryg is. Wat hierdie blommetjie besonders maak, is dat dit n orgidie is wat in hierdie relatief droë deel van ons land voorkom!





Dit is wonderlik aangepas en groei in vlak spoelgrond teen die koppe. Die bolletjies lê vir 9 maande dormant en begin uitloop met die eerste reën in die winter seisoen, wanneer dit binne 2 tot 3 maande hierdie pragtige blomme vorm, wat kompleet soos n klein gesiggie met n outydse voortrekkerkappie lyk.

Ek groet eers tot volgende maand vir die volgende drie blomme.

Mooi loop uit die Weskus. **Derek**



# Dié Maand se Giggels




EK IS OP 'N PLEK IN MY LEWE WAAR WINKEL TOE GAAN, BEGIN TEL AS UITGAAN

EET LEWER VOORDAT JY BEGIN DRINK DAN WEET DIE ALKOHOL NIE WATTER LEWER OM AAN TE VAL NIE



DIE 50 KALIBER REVOLVER



VIR WANNEER DAAR 'N INBREKER AGTER DIE YSKAS BY JOU BUURMAN SKUIL.

DIE GOEIE OU DAE...TOE MAMMAS NOG SAAM MET ONS GEDRAF HET



NOTA AAN MYSELF

MAAK EERS SEKER DIE FOON IS 100% NEERGESIT ALVORENS JY SÊ *IDIOOT!*



# SPREEKWOORDELIKS

## 'Spreuke, Spreekwoorde en Idiome

Een bevat altyd 'n sedeles, die ander 'n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het 'n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter

**Kind:** Geen kind of kraai hê nie; nóg kind nóg kraai hê (niemand hê om voor te sorg nie; ook, alleen wees in die wêreld)

Die uitdrukking het 'n baie interessante maar wrede herkoms. In Middelnederlands was die uitdrukking kind no craet, en die craet was die gekraai van die haan. Die kraai in die Afrikaanse idioom het dus niks te make met die voël wat so kan kras nie. Vroeër eeue is mense voor die hof gesleep as hulle nie hulle skuld kon betaal nie, en dan in die tronk gestop totdat hulle dit kon doen. Dit was natuurlik 'n wrede kringloop, want in die tronk kon jy geen geld verdien om jou krediteure te betaal nie. In die hof sou die aangeklaagde dus vurig smeek om nie gekerker te word nie. As hy nie kind gehad het nie, het dit beteken dat daar niemand was, nie eers 'n familielid, om namens hom te praat en hom sodoende van sy lot te red nie. As jy nie hanekraai het nie, beteken dit logieserwys dat jy nie eers 'n haan het nie, en die haan was 'n simbool van besittings: selfs die armste mens het darem altyd 'n haan gehad. As jy dus no craet gehad het, het die hof geweet dat jy nie 'n duit of dubbeltjie het om te betaal nie.



**Klap:** 'n Klap van die windmeul weg hê ('n bietjie mal wees) Na aanleiding van die verhaal van die Spaanse letterkundige figuur, Don Quijote (soms Don Kwiksot genoem), wat in sy malligheid teen windmeulens baklei het en natuurlik 'n goeie klap daar gekry het.



**Klaweraas:** Die diere loop op klaweraas (die diere het niks om op te wei nie)

Die toespeling is op die voergewas klawer; as daar nie klawer is nie, is die arme diere aangewese op die speelkaart, die aas van klawers, dit wil sê: niks.






Liewe vriende,

Min dinge kom by die geur van varsgebakte brood, maar nie almal sien kans vir 'n geknie nie. Hierdie resep is so maklik – jy roer net die bestanddele bymekaar en laat staan vir 'n halfuur. Die resep lewer twee brode.

1. Jy het nodig:
   **2 eetlepels olie (olyfolie is lekkerder)**
   **5 koppies witbroodmeel**
   **2 koppies koekmeelblom**
   **1½ teelepels sout**
   **1 sakkie (10g) kitssuurdeeg**
   **850 ml warm water**

Só maak mens: **Smeer 2 medium broodpanne**.
Meng die mele, sout en suurdeeg in 'n groterige bak en maak 'n holte in die middel met 'n lepel. Gooi die water en die twee eetlepels olie in die holte en meng met die meelmengsel.
Die deeg is soos 'n baie dik pap. Verdeel die mengsel tussen die twee pannetjies. Bedek met gesmeerde kleefplastiek en laat dit vir 30 minute op 'n warm plek staan totdat dit dubbel die grootte gerys het. Dit rys ongelooflik vinnig. Verhit die oond tot 200˚C. Bak die brood vir 40 minute of tot goudbruin en mooi uitgerys.

Haal dit uit die pannetjie en plaas net so op die oondrak en bak vir nog 'n verdere 5 – 7 minute om die korsie lekker bros en krakerig te maak. Laat die brood behoorlik afkoel voordat jy dit sny.

Die brood vries ook baie goed. (volkoringmeel in plaas van die witbroodmeel – net so lekker!)

2. **MAKLIKE ROER WITBROOD** (as jy nog vinniger wil raak:

Jy kan sommer met jou huiswerk aangaan met hierdie broodresep!

**7 koppies koekmeel. (Dis presies 1Kg)**
**4 Koppies Water.(sterk lou water)**
**2 teelepels sout.**
**1 Pakkie suurdeeg.(10g)**
Meng alles goed deur, gooi in panne, laat rys, bak vir omtrent 1 uur tot gaar by 180°C
Dis dit, niks knie, af knie nie, net meng goed deur, laat rys en bak. Voila!
Mooi Groetnis

*Retha*




*Notas uit hospitaallêers (ongeredigeer)*

Die baba is verlos, die koord afgebind en deurgesny, en aan die pediater gegee, wat onmiddellik begin asemhaal en huil.

Rektale ondersoek gedoen. Skildklier normaal.

Sy sê dat sy altyd hardlywig was totdat sy in 1996 van haar man geskei is.

Tussen ons twee behoort ons hierdie dame swanger te kry.

Die pasiënt was in sy gewone goeie gesondheid totdat sy vliegtuig se petrol opgeraak en neergestort het.

Ondersoek toon 'n frisgeboude man wat in sy bed lê met sy familie sonder enige ongemak.

Toe sy flou geval het, het haar oë rondom die kamer gerol.

Die pasiëntjie woon tuis met sy moeder, vader en 'n mak skilpad wat drie keer per week moet aanmeld in die Buitepasiënte-afdeling.

Beide borste is gelyk en reageer normaal op lig en akkommodasie.

Sy is gevoelloos van haar tone ondertoe.






Die ouderdom is `n blikslater...

Hy bekruip jou. Soos droogte in die Boesmanland.
Stadig.
Maar seker.

Hy maak jou krom.
Hy maak jou stom.
Hy maak jou vergeet.
Hy knibbel stomptand aan eergister se onthou.
Hy stroop die bas van jou onthouboom.
Hy los jou alleen.
Met net gedagtes.Ver gedagtes.
Wat jou terugvat na jou jonkweesdae.

Jou eerste Daan Desimaal jare. Springbokradio dae. Pip Freedman en Four Jacks and a Jill jare. Charles Jacoby en Jim Reeves jare.

Draadloosjare met oom Jan Cronjé en tannie Esmé Euvrard" So maak mens!" Middagstories soos die Du Plooy's van Soetmelksvlei, Geluksdal, Dans van die Flamink, Wolwedans in die Skemer, As die Naguil roep en Patrollie 33 Charlie.

Maar die ouderdom maak jou ook astrant. Soms neuk hy stroomop met jou. Na daar waar jy weet jy nie eintlik moet gaan krap nie.

Want dis die plek van die Groot Nostalgie. Wanneer jy sonder dat jy wou, skielik daai ou droë Heimweeboom begin klim. Ja, hoog in die takke is jy. Jy raak dik gedrink van die verlange se waters. Jy boor diep. Slukkie vir slukkie drink jy uit blou jare terug se vars boorgate. Jou kinderjare. Skoolgaanjare. Vingerbordjare. Bok-bok-staan-styf jare. Jonk-verlief-wees jare...

Soms praat jy met jouself. Saggies. Of so dink jy.
Want jou ore hoor nie meer soos destyds nie.
Al is hulle nou groter... Ja, jou gesig krimp, maar jou neus en ore word groter. Jou tande raak stomp.
Jy word lomp......



Ouderdom is soos `n steeks donkie.
Hy briek jou. Jý wil, maar jou bene steek vas. Viervoet vat hy jou vloer toe.
Loopraam toe.
Soos `n kind.
Só stroop hy jou selfvertroue.
Gister se bravade maak plek vir vandag se bang.

Ouderdom steel. Jou onafhanklikheid. Jou karsleutels. Jou lisensie.
Hy lewer jou oor.
Aan ander se genade.
Hy maak jou sag.
Weerloos.
En eensaam.
Hy laat jou huil. Sommer oor niks. Sommer oor alles.

## Die ouderdom is `n Wetter. Met `n hoofletter!

Hy ruk jou uit jou huis uit. Ontvoer jou. Teen jou wil.
Huis Herfsblaar toe. Waar Matrone jou baas is. Huisreëls jou bind. Styf. Vas. Met oumenstoue. Waarvoor jy `n helse prys betaal.
Letterlik.
Terwyl jy Genadebrood moet eet... En perdesalf op ou spiere se seer smeer.

Ouderdom druk jou smaakkliere toe. Jy verloor jou proe. Hy vat jou eetlus weg. Jou energie. Hy breek jou spoed.

Maar ouderdom leer jou ook geduld, want die kinders kom kuier op húlle tyd.




Ouderdom laat jou spog.
Te veel.
Oor die kleinkinders wat jou siel lawe!

Saam met die jare se grysheid, kom daar darem ook `n bietjie wysheid.
En diepe dankbaarheid vir gespaarde jare uit Sy hand uit.

Maar dan, later raak jý stadig maar seker weer kind.
Moet jy gewoond raak aan die alewige verkleinwoordjies... En om na jou kinders te luister!

# NOG 'N PAAR GIGGELS




















AGTEROS
Net voor uitspantyd



Deur Chrisjan

# OORLAAIKRUIER …(SAS&H)

Soveel mooier as die engelse woord ‘*Strapper*’ né?



Ek was 'n spoorwegkind. My pa was 'n grofsmid op die Spoorweë - vandag beter berug as Transnet.
Al Transnet se werknemers en gesinslede het destyds jaarliks 'n vrypas gekry - dis nou 'n gratis treinkaartjie en het niks met vry te doen nie. Daarmee kon ons dan gratis dwarsoor die spoornetwerk van SA met die trein ry.
Die meeste van ons gesin se vakansies het ons dus vanaf Kaapstad met die passasierstrein of soos ek as klein laaitie dit, die "slaaptrein" genoem het. Ons het altyd vir my oupa en ouma op Swellendam met die trein gaan kuier, dis nou voordat my ouers 'n motortjie, nogal ‘n Ford Prefect, aangeskaf het. Ons het dikwels ook met die Transkaroo Johannesburg en Pretoria toe gery. So nou en dan Pietermaritzburg of Durban toe met die Oranje-sneltrein. Dit was feitlik 2 dae en 2 nagte se salige "getik-tak-tik-tak" soos daai ysterwiele oor die spoorlaste rol.



As my ma nie die rottangkosmandjie, met gekookte eiers, frikkadelletjies, botter toebroodjies en ja die fles met warm koffie gepak het nie, het ons in die eetsalon gaan eet. Kyk dit was nou grênd om daar te gaan eet. Met die gestyfde linne servette, baie messe en vurke en lepels, het ek as kind my eerste tafeletiketles gekry. Mens gebruik mos die eetgerei van buite af binnetoe en jy eet met 'n toe mond. Ek kon destyds net nie verstaan dat jy jou poeding met 'n lepel én vurk moes eet nie. Ek moes al my kos eet, groente ook, want dit het duur gekos om daar te gaan eet.

Die kelners wat jou kos, ook so met 'n lepel en vurk, aan tafel kom inskep het, het gelukkig kleinerige porsies vir ons kinders ingeskep, so ek het nie te veel met die groente gesukkel nie. Ek dink natuurlik vandag heeltemal anders oor sop, pampoen en groenboontjies!
Wat ek eintlik by wil uitkom, is die tyd toe ek in die 1974 Desembervakansie, as "strapper" op die treine gewerk het. Dit was na my 2de jaar op Maties. Ek moes darem so 'n ekstra geldjie verdien. Ek meen te sê, Antoinette (vandag nog my vrou) het my toe al geld gekos. Kyk, dit was baie harde werk in die nagtelike ure. So nou en dan het ek darem so 'n paar dagskofte ook ingekry.



Net om gou te verduidelik wat 'n "Strapper" is. Dis die ouens wat die kondukteur op die agterent van die trein moes help om alles wat die passasiers "opgeboek" het, dis nou die bagasie, pakkies, goedere en possakke wat iewers "along the line", af te laai. Natuurlik moes ons by die stasies op die pad (of is dit nou op die lyn?) ook help oplaai.
Ewenwel, jy moes jou oplaai en aflaai ken. Jy het later die volgorde van die stasies op die roete uit jou kop geken, want die goedere moes weer so afgelaai word. Dit wat weer opgelaai word, moes nou weer by die regte bestemming se bondel gepak word, reg vir die aflaai.

Die moeilikste trein wat ons gewerk het, onthou ek, was die Transkei-trein. Veral die een wat Sondagaande om 18:00 van Bellvillestasie na Umtata vertrek het. Die meeste passasiers was die werkers wat huiswaarts, terug "land" toe gekeer het.

Nou hierdie trein het letterlik by elke stasie of sylyn gestop om passasiers op of af te laai en natuurlik ook hul opgeboekte bagasie. 'n Sylyn is nou maar net 'n stop langs die spoorlyn. Dit het wel ‘n naam, maar daar is geen formele stasie met platforms nie. Daar was net 'n sylyn waar trokke getrek kon word, waar boere hul produkte kon op- of aflaai. Dikwels moes die trein ook daar aftrek sodat sneltreine soos die Transkaroo of Bloutrein wat voorrang geniet het, kon verbyry.




Die moeilike ding op daardie Transkei-trein was om daai passasiers se bagasie en goed in daardie kondukteurswa in te kry en dan te pak. Ons strappers se nagmerrie was die passasiers wat vir hulle een van daai groot sinkbaddens gekoop het, tot oorlopens toe vol gepak het en dan met goiingsak oorgetrek het dat hy so met 'n boggel na bo gestaan het. Kyk nou moes jy mooi pak dat die goed wat bo-op gepak word, nie weer daar affoeter nie!

Dan kry jy natuurlik nou weer die treindrywers of masjieniste - soos juf Dreyer, my Afrikaanse onderwyseres, ons op skool geleer het - wat rukkerig ry, salig onbewus van ons arme strappers se dilemmas aan die agterent. As daai trein so rukkerig wegtrek, dan foeter daai tasse, sakke en wat ookal "opgeboek" is, daar van bo af en voor jy dit teruggepak kon kry, stop die trein al weer by die volgende stasie of ‘siding’, natuurlik weer met ‘n geruk



Die ander erge ding op daardie trein, was die diere wat die passasiers terug "land" toe gevat het. Veral honde en hoenders. Die hoenders was in sulke lendelam hokke “verpak”, maar "land" toe moes hulle saam, seker vir die kersmaal! Die arme honde het ons in spesiale hokke in die kondukteurswa gelaai. Die arme dierasies was so verskrik, dat hulle daai hele hok beskyt het en daai reuk die heelpad saam met jou is.

Nee kyk, ek het my geld deur en deur verdien op daai trippies.




FLUIT, FLUIT, ONS IS UIT TOT VOLGENDE MAAND!